Maandag **19 Februarie**

**Skrifgedeelte: Johannes 15:18-27**

**Teksverse: Johannes 15:22-25**

## Die kind van God is vyand van die wêreld

Jesus is steeds hier besig om met sy volgelinge te praat oor hulle verhouding met Hom. ’n Gesprek wat baie nodig was, want Jesus se kruisiging is voor die deur, en dit sou noodwendig onsekerheid en spanning by hulle teweeggebring het.

Jesus wys sy volgelinge daarop dat daar vir hulle moeilike tye voorlê, want as naamdraers van Christus gaan hulle haat en vyandigheid beleef. Die wêreld sal hulle haat. God het hulle uitverkies as sy kosbare eiendom. En soos die wêreld God haat, sal hulle ook God se eiendom haat.

Jesus het al van sy geboorte af die teenstand van die wêreld ervaar. Daar was vir Hom nie eers ’n wiegie om in te lê nie. Daarna moes sy ouers met Hom vlug. Dan lees ons van die versoekinge in die woestyn, die weerstand van die Jode tydens sy optrede, en Getsemane.

Jesus het geweet wat nog op Hom wag, sodat Hy die volle prys van versoening kon betaal. Daarom wys Hy sy volgelinge daarop dat volgeling-wees noodwendig van hulle sy pond vleis in hierdie wêreld gaan eis. ’n Slaaf is immers nie belangriker as sy eienaar nie.

Juis dit ervaar die kerk vandag. Die oë van die wêreld kyk met ’n vergrootglas na die doen en late van die kinders van God. Enige effense misstap word tot groot vertoon en vermaak uitgebasuin. Groepsdruk is geweldig sterk onder die jeug. Die een wat wil waag om by Christelike beginsels te hou, word uitgemaak as outyds en ’n pretbederwer.

Jesus wys egter sy volgelinge daarop dat die Vader die Voorspraak sal stuur, die Gees van waarheid. Hy sal ons bystaan en lei in hierdie wêreld, sodat ons vas sal staan as kinders van God in hierdie wêreld. Psalm 37:24 lees dat as die kind van God val, bly hy nie lê nie, want die Here help hom op. Derhalwe moet ons nie moedeloos word as ons in hierdie wêreld teenkanting ervaar omdat ons kinders van God is nie. Jesus het ons vooruit al gewaarsku dat dit sal gebeur. Maar Hy het ons ook vooruit daarop gewys dat Hy deur sy Gees by ons sal wees. Niks kan ons van sy liefde skei nie.

*Sing: Psalm 46-1:1, 6*

*Ds. AB (Braam) van der Walt (Plett/Knysna)*